

Skriflesing: Openbaring 20: 1 - 15

Teks: **Openbaring 20: 4-6**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 19:2,3**

TYDENS EREDIENS- Ps. 118:12; Ps. 46:1,3; Ps. 48:2,4; Ps. 98:2,4

Openbaring 20: 1- 15

Rev 20:1 Toe het ek 'n engel uit die hemel uit sien kom met die sleutel van die onderaardse diepte en met 'n groot ketting in sy hand.

Rev 20:2 Hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind.

Rev 20:3 Hy het hom in die onderaardse diepte gegooi, dit toegesluit en dit bokant hom verseël sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die duisend jaar om is nie. Daarna moet hy 'n klein rukkie losgelaat word.

Rev 20:4 Toe het ek trone gesien en die siele van die mense wat onthoof is omdat hulle aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het. Hulle het op die trone gaan sit, en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree. Dit is hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie en nie die merk op die voorkop en op die hand aanvaar het nie. Hulle het lewend geword en saam met Christus duisend jaar lank geregeer.

Rev 20:5 Dit is die eerste opstanding. Die ander dooies het nie lewend geword voordat die duisend jaar om was nie.

Rev 20:6 Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer.

Rev 20:7 Wanneer die duisend jaar om is, sal die Satan uit sy gevangenskap losgelaat word.

Rev 20:8 Dan sal hy gaan om die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is, die Gog en Magog, te verlei, en om hulle byeen te bring vir die oorlog. Hulle is so baie soos die sand van die see.

Rev 20:9 Hulle het oor die hele oppervlakte van die aarde aangekom en die laer van die gelowiges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur van die hemel af gekom en hulle verteer.

Rev 20:10 Die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swael gegooi, daar waar die dier en die vals profeet ook is. Hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Rev 20:11 Toe het ek 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie.

Rev 20:12 Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het.

Rev 20:13 Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het.

Rev 20:14 Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel.

Rev 20:15 As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.

Skriflesing: Openbaring 20: 1 - 15

Teks: **Openbaring 20: 4-6**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 19:2,3**

TYDENS EREDIENS- Ps. 118:12; Ps. 46:1,3; Ps. 48:2,4; Ps. 98:2,4

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons reeds Openbaring 20

nader aan ons wou bring. Ons kyk 'n tweede maal vandag hierna want ons weet benewens dit

wat op aarde geweldige implikasies meebring, het ook hemelse implikasies. Op die aarde is

Satan in 'n toestand waarin hy gebind is. Hy rig geweldige skade aan maar hy is in alles nie los

nie. Ons besef die tyd van sy kettings loop uit en hy weet dit ook. Daar gaan 'n tyd wees,

wanneer, hoe lank, wat hy vir 'n kort tydjie losgelaat gaan word. 'n Verskriklike tyd wat hierdie

aarde inwag. Openbaring berei ons ook daarop voor. In 'n vorige hoofstuk (Openbaring 16:16) het ons geles van die slag van Armageddon, vandag weer besef ons die tyd gaan kom van die Gog en die Magog. Waar 'n heerser met die naam Gog in 'n gebied sal inbeweeg Magog, wat dit vir 'n kort tydjie so sal wees dat die duiwel werklik los is. Van die Gog in die Magog lees ons ook heelwat in Esegïel, veral hfst. 38 en ook 39. Die wêreld het hierdie laaste oorlog, hierdie Armageddon dan ingegaan. Dis dinge waarop ons op 'n manier voorbereid moet wees al kan ons ons daarop nooit ten volle voorberei nie.

Wat ons wel in die tweede deel van Openbaring nie mag miskyk nie, is iets wat ons dalk baie meer kere daaraan dink as wat ons bereid is om daarvoor te praat. Dit gaan oor jou en my lewe in wanneer ek sterwe en wat met my gebeur as ek sterwe. Direk hiermee saam wat gebeur as Christus se wederkoms, sy laaste koms in hierdie wêreld gaan plaasvind. Hierdie dag wat genoem word die dag van die Here.

Laat ons dan op hierdie Sondag, ja op 'n ander manier die dag van die Here wil uitkom by wat ook genoem word, die dag van die Here. Die dag wanneer ons lewens, 'n ieder en 'n elk soos woorde in 'n baie belangrike boek geopen gaan word en daaruit jou hele lewe, elke deeltjie daarvan, elke gedagte, elke daad, elke stukkies van jou bestaan, soos 'n baie groot legkaart vir daardie oomblikke van oordeel vir jou en my ingepas gaan word. Waar gaan ek en jy dan inpas as hierdie boeke, let wel boeke, geopen gaan word. Genadiglik is daar nie net die een boek van my sonde en my onbesonne daad en uitdagende oorlaaide gees nie, maar daar is 'n tweede boek. Watter genade is die tweede boek, die boek van die lewe, waarin Christus alleen die lewe is en die lewe skenk en dit alleen sy lewe is wat tel wanneer my lewe niks meer kan tel nie. Dis die dinge wat Openbaring in sy vóór voorlaaste hoofstuk na ons einde toe bring.

As Satan werklik los gaan wees het ons baie om oor te bespiegel, kom ons weerhou ons daarvan. Oor ons eie lewenseinde hier op aarde en hoe hierdie aarde gaan eindig wil God hê ons moet daarvoor rustigheid, sekerheid en vastigheid in sy Woord kan hê. Daar moet ons bespiegeling baie minder wees, alhoewel ons hoegenaamd ook nie alles hier rondom verstaan nie.

Johannes sien baie siele in die hemel, hy sien mense wat gesterf het, mense wat onthoof is, want hulle het aan Jesus en sy Woord bly vashou. Gelowig enduit volgehou, al was van hulle vir die leeus gegooi, koppe afgekap, van hulle met teer bestryk en aan die brand gestee. Dit was die geval toe Johannes hierdie dinge gesien en daarvoor moes skrywe, was mense in groot getalle, ja miljoene en miljoene mense is vir hulle geloof in Christus doodgemaak.

Die groot troos is, in werklikheid die enigste troos wat daar vir 'n gelowige op aarde kan wees, is dat ongeag die wyse waarop ek sterwe, of ek nou onthoof is, of verbrand, of in 'n ongeluk, of ek sterf vanweë siekte of ouderdom vir alle gelowiges gebeur dieselfde. Die Kategismus stel dit so duidelik in Sondag 22 V/A 57- met die vraag: **Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?** Ons kan met groot sekerheid antwoord- *Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.*

Openbaring 20 beskryf die gelowige se sterwe baie aangrypend. Ons sterwe word hier ons *eerste opstanding genoem ... 6 Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie.* Ons word geseënd en heilig genoem nie omdat ons uit onself heilig kan wees nie, maar omdat Christus ons heilig. As die gelowige sterwe is hy/sy reeds in Christus geheilig. As ons sterwe is dit eintlik reeds ons eerste opstanding, want my siel gaan dadelik met my sterwe na Christus toe. My siel word dadelik tot Christus sy Hoof opgeneem. Christus het die straf op ons sonde en onheiligheid gedra. Hiermee saam is wat vir ons moet uitstaan is dat die tweede dood oor die gestorwe heiliges in Christus geen mag het nie. Die tweede dood het oor God se kinders geen volmag nie. Dalk is dit 'n beter vertaling.

Dan bevat Openbaring 20 nog 'n insig in die hemel wat ons nie sou hê as God dit ons nie geopenbaar het nie. Die wonderlike is dat niemand wat in Christus sterwe in die hemel werkloos is nie. Hulle regeer, ja hulle regeer saam met Christus. Die 2020 Vertaling stel dit- *Hulle sal priesters van God en van Christus wees, en saam met Hom 'n duisend jaar lank regeer.* Dieselfde getal jare waarmee Satan in kettings is, hy is in die onpeilbare diepte vir 'n duisend jaar lank vasgeketting. Dieselfde simboliese getal word aan die gestorwe heiliges se

lewensbestaan in die hemele verbind. M.a.w. ons aardse sterwe word eintlik op geen manier aan die dood verbind nie. Vir 'n gelowige as hy/sy sterwe is dit asof sy/haar onmiddellike lewe wat daar in Christus kan wees dadelik ook sy eerste opstanding. Watter besondere troos! Die gelowiges word ook hier, asook op so baie ander plekke in God se Woord, priesters van God en van Christus genoem. Gelowiges wat in die heerlijkheid van Christus deel kry aan die regering wat aan Christus behoort. Hoe geseënd, hoe geheilig is die mens wat waarlik al kan deel in die eerste opstanding.

Nou besef ons en hier is baie sulke mense, ook hier in Postmasburg en op so baie plase, daar is wel vir hulle so iets soos 'n eerste dood. Aanvanklik is daar vir hulle nie 'n eerste opstanding nie, net 'n eerste dood. Daarna sal hulle lewendig nog weer 'n verskrikliker dood ingaan, dit noem God se Woord die tweede dood. Ons lees van oorblywende dooies wat nie lewendig geword het nie. Ons besef baie Afrikaners het hieraan deel, almal wat nie in Christus sterf nie, wat nie in Christus glo nie, hulle dood is nie vir ons 'n verskrikking nie. God se Woord openbaar ook hulle dood aan ons, dat hulle dood op die einde vir hulleself 'n verskrikking sal wees, want hulle gaan 'n eerste dood en 'n tweede dood moet ingaan.

Wat ons op aarde aangaan, is dat ons besef ons lewe in die tussentyd. In die tyd tussen Christus se eerste koms en tweede koms. Tussen ons verlowing en die groot bruilofsmaal en bruilofsfees wat op ons wag (u moet Openbaring 19 nooit vergeet nie!). Of soos Openbaring 20 die tussentyd beskryf as 'n simbolies *chilioi-* 'n duisend jaar ... Daaraan gaan 'n einde kom, al is dit al langer as tweeduisend jaar aan die gang, maar ons besef ook dit wat God Self sê- een dag is in God se oë soos 'n duisend jaar, soos 'n duisend jaar in ons oë weer vir Hom wat God is eintlik maar net kan dui op 'n enkele dag. Ons moet hoegenaamd nie God by ons horlosies en kalenders en hoe Hy regeer by ons begrip van tyd probeer inforseer nie. 2 Pet. 3:8 stel dit duidelik hoe God se kalender en ons kalender ingrypend kan verskil. Dit natuurlik weer in aansluiting by die pragtige Psalm van Moses- Psalm 90:4 *Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak*

Wat wel ook duidelik is dat naby die einde gaan Satan uit sy gevangenskap losgelaat word. Dit sal 'n klein rukkie wees, kort in vergelyking met die baie jare wat die simboliese duisend jaar,

die *chilioi* dan ook was. In die kort tyd gebeur dan wat ons in vers 7 en 8 van lees - veral vers 8-8 *Dan sal hy gaan om die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is, die Gog en Magog, te verlei, en om hulle byeen te bring vir die oorlog. Hulle is so baie soos die sand van die see.* Die Gog en die Magog wat die verpersoonliking is van die vyande van God wat die ware Kerke van God dwarsoor die wêreld aanval, ja God se stad, sal hulle wil vernietig. Ons lees die naam Magog heelwat vroeër in God se Woord (Gen. 10:2, 1 Kron. 1:5) dat uit Jafet se nageslag was ook 'n man met die naam Magog. In Esegïel 38 en 39 is God die baie sterk aanvoerder. By beleërde Gog staan 'n magtige weermag en die Magog was sy sterk land. In Openbaring dui Magog egter simbolies op God vyandige magte, magte wat die Kerk in alles sal wil vernietig.

Openbaring maak dit duidelik dat op die einde sal die aanval op die ware Kerk van alle kante kom. Dit gebeur tussen die uithoeke van die aarde. As Openbaring dan verwys hoe hulle die geliefde stad omsingel het dan verwys hierdie Jerusalem na God se Kerk. Dis die tyd waar die kerk openlik vervolg sal word, daar sal van gelowiges 'n bespotting gemaak word, dit sal van alle kante gebeur. Kyk maar net na die sosiale media vandag, akteurs, sangers wat ek huiwer om hulle name te noem, hulle is voor in die koor om die kerk vandag as bespotlik en belaglik af te maak. Hulle spits egter hulle aanval spesifiek op dinge wat in God se Woord staan. Die skeppings gebeure in Genesis 1 en 2-word ook as so belaglik afgemaak as enigeen nog 'n historiese verstaan van Genesis se begin sou probeer handhaaf.

Die Armageddon of dan nou die Gog en die Magog sal ons hulle aanvalle nooit mag onderskat nie. Alles sal aan die werk gestel word om die ware Kerk van Christus te wil vernietig. Dit sal op baie maniere gebeur. Dit sal uit ons eie volk ook gebeur. Die Japie van Zyls met die boerseuns van Migdol en hulle vervolging van die Kerk van Christus is ook maar 'n Gog en Magog aan die werk. Die laster en die wyse van hoe Christus Self en sy bruid beswadder word, is alles deel van die Gog op die gebied van die Magog. Van regs kom die aanvalle, maar ook van links. Die uiterstes kom uiteindelik so naby mekaar dat dit eintlik één intensiewe aanval op die ware Kerk word. Die uiterste politieke konserwatis en die neo-liberalis uit die New age en die post-modernisme word één as dit gaan om hulle gemeenskaplike doelwit nl. die vernietiging van die Kerk van Christus.

So sal dit aanhou en opbou tot wanneer die troosryke gebeure in vers 11 dan ook 'n werklikheid word. *Toe het ek 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie.* Alles gryp pragtig terug ook na die profesie van Daniël in Daniël 7. Daar het Daniël ook vir God op die troon gesien om die koninkryke van die wêreld te oordeel.

Die eerste dood en die eerste opstanding se tyd is dan verby. Die kort rukkie van satan se loslating is dan verby. Dan gebeur die tweede dood en die tweede opstanding. Alle mense, gelowiges, ongelowiges, weer in aansluiting ook by Sondag 22 staan liggaamlik uit die dood op. Die dag van oordeel het dan aangebreek. Dit is die laaste vonnis. Jesus Christus die Regter is op die troon. Almal kom dan voor God te staan. Voor sy troon, klein en groot is daar.

Daar gebeur dan dinge wat ons onself eintlik nie kan voorstel nie. Soos die ganse mensdom voor Christus te staan kom, gryp die simboliek net nog dieper. Dit sal wees asof elkeen se lewe eintlik soos in 'n boek weergegee word. Die groot genade dit is egter nie 'n enkele boek nie, maar hier word gepraat van boeke. Die een boek is die boek waar ons doen en late opgeskryf is. Satan kan dan nie meer teen ons praat nie. Sy laaste dag het ook gekom. Tog gaan hierdie boek praat. Dit gaan alles oopgemaak word. Dis 'n oopmaak proses, al my doen en late, my gedagtes, dit wat my lewe oorskadu het, hoe baie sonde het ek, elkeen van ons se lewe kom soos die letters wat in 'n boek gelees kan word na vore. As dit net hierdie een boek moet wees, dit is 'n boek waarby ons dit nie sal kan uithou, 'n boek waarby ons nie sal kan lewe nie.

Watter verskil kom maak die tweede boek nie in jou en my lewe nie! Dit is die boek van die tweede opstanding. Dié boek wat ons ken as die boek van die lewe. Die see wat sy dooies moet teruggee, die dood en die doderyk, moet die lewe teruggee, aangrypend. God wat neem wat aan Hom behoort. Hierdie tweede opstanding is God se terugneem in alles wat aan Hom behoort. Sy uitverkorenes is waaroor dit gaan. Hulle name staan in die boek van die lewe. Hoe wonderlik wanneer die lewe in die boek van die lewe tot jou en my gaan spreek. As Christus wat die lewe is ook die lewe gaan spreek uit die boek van lewe. Dit is genade op genade as my lewe met sy sonde, bladsy na bladsy, as die donker boek van ons elkeen se doen en late, ek geoordeel word in wat ek gedoen het, maar dit nie my finale dood, die tweede dood gaan wees nie. Nee om

te mag deel in die tweede opstanding vir hulle wie se name in die boek van die lewe staan. Niks wat ons van Christus en sy liefde kan skei nie. Niks wat ons name uit daardie boek kan uitvee nie. Watter troos is dit nie.

Vir hulle wat alleen die een boek gaan praat, vir hulle wat nie aan Christus behoort nie, vir hulle is dit dan altyd verby. Hulle wat nie na Christus wou luister nie, hulle gaan die tweede dood binne. Soos iemand dit gestel het, hulle name ontbreek in die ewige lidmate-register van die Here se duurgekoopte kerk.

Daarom geliefdes, as ons Openbaring 20 afsluit na ons vandag 'n tweede maal hierdie diep hoofstuk in ons lewens moes probeer ontsluit. Ons het beslis nie antwoord op al die groot dinge wat hier staan nie, maar mag ek en jy weet en goed verstaan God se oordele is nie 'n magspel en 'n soort van kinderspel wat ek met God kan probeer speel nie. In die baie baie boeke wat daar al in die wêreld geskrywe was, ja die wêreld is gevul met baie miljoene en miljoene boeke waarin mense hulleself wou laat geld, hulleself wou duidelik maak, hulle andere wou leer, maar op die einde is dit eintlik maar net die twee boeke wat regtig gaan saakmaak. Die boek wat jou lewe bevat en die boek waarin God die lewe skenk. Mag die boek wat God die lewe skenk, ja die enigste wat genoem kan word die boek van die lewe. Watter genade as ons mag weet, in en deur Christus is ons name reeds daarin geskrywe. Alleen deur Hom kan ons dit lees.

AMEN